Sing vooraf: Psalm 89:9 (p. 446)

9 My hand sal hom bewaak, bestendig dag en nag; / my arm sal hom in nood versterk met moed en krag.
Val hom die vyand aan, dit sal hul nie geluk nie; / die man van onreg sal hom nooit kan onderdruk nie;
wie hom beangstig, of dit ooit teen hom wil wae, / die sal my hand besoek met strafgerig en plae.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 149:1, 2 (p. 716)

1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunstelinge!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

Psalm 73:1, 10, 11 (p. 366)

1 Voorwaar, God is vir Isr'el goed, / vir wie opreg is van gemoed.
Gods weg kan nooit so donker wees nie, / dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie.
Maar ag, hoewel my siel dit weet, / tog het my voet haas in my leed
gewankel, en dit was vir my / so donker dat my voet wou gly.

10 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde◠in kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my eewge goed.

Skriflesing: Johannes 16:17-33 en Openbaring 3:7-12

Teks: Johannes 16:33 en Openbaring 3:12

Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin. (Johannes 16:33 AFR1953)

Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.
(Openbaring 3:12 AFR1953)

Die toekoms is nie 'n ding wat jy moet bekyk met 'n bril wat net naby kan sien nie. Om die lewe en die toekoms te verstaan, moet mens ver kan sien.

- Ons moet deur die geskiedenis kan kyk, en ons moet al die fasette van die lewe en die toekoms kan sien en verstaan.
- Ons moet by ons geveg met die duiwel verbykyk tot waar ons in die hemel ten volle geheilig in die heerlikheid van God staan.

Die Bybel leer ons hoe om die kom en die gaan van die jare te sien en te verstaan.

Daarom is dit baie betekenisvol hoe die Here Homself in die aanhef van die brief wat ons saam gelees het, bekendstel: Die Skrywer van die brief is die Heilige en Waaragtige God self wat met sy Kerk praat.

- In hierdie bekendstellingsgroet lê die versekering dat die gelowiges die Here wat met hulle praat, kan vertrou, want Hy doen alles reg en heilig.
- Met hierdie openbaring toon die Here aan dat Hy bepaaldelik oor elke kerk – en dus aan alle gelowiges – sekere genade bewerk.
    - Die goeie dinge wat Hy oor hulle beskik, staan onwrikbaar vas.
    - Met sy onbeperkte beskikkingsmag dwing Hy seën af oor die mense wat Hom aanbid.

Ons wil graag gedurende 2008 in vrede lewe. Is so iets moontlik?

- Ons het in die Johannes-evangelie gelees dat die Here Jesus sê Hy verseker ons dat ons vrede kan hê.
- Ons kan net vrede vind in Hom.
- In die wêreld, so sê Hy, sal ons dit moeilik hê, maar ons moet moed hou: Hy het die wêreld klaar oorwin. Ons kan nou al in sy oorwinning lewe.

Hierdie preek was een van die Here Jesus se laaste preke waarin Hy met die dissipels gepraat het oor die lewe en hoe dinge vorentoe in die lewe sal lyk. Dit blyk dat hulle ook gepraat het oor die dinge wat seermaak, soos spanning, verwerping en marteling.

- Die Here Jesus het hulle toe daarop gewys dat die Heilige Gees hulle vorentoe sal lei.
- Hy sal hulle die heilsgeheim laat verstaan dat hulle sondeskuld met God versoen is en dat God in Christus hulle Vader geword het.
- Dit sal maak dat hulle deur die werwelwinde van die lewe sal kom.

Die Here Jesus het die dissipels daarop gewys dat ons sterkste wapen in sulke tye die gebed is.

- As ons dan in ons nood tot ons hemelse Vader bid – watter ewige Vader sal sy kinders in hulle nood wegstoot?
- Ons kan dus verseker wees van die ewige vrede van die Here oor ons.

Ons gee aandag aan die volgende sake:

1. **Die weersprekendheid van die lewe**
2. **Die appèl op ons**

1. Die weersprekendheid van die lewe

Die evangelie van die Here Jesus het vir ons wat nog voor die wederkoms lewe, twee weersprekende eienskappe:

- In ons innerlike verhouding met die Here het ons vrede,
- maar in ons lewe na buite toe het ons stryd:
    - Die Here kondig met sy Goddelike alwetendheid aan dat ons in die wêreld verdrukking gaan hê.
    - Later sal ons volle vrede hê, maar eers moet ons deur swaar pyn en seer gaan terwyl ons nog op die aarde is.

Die Here gee die rede:

- Die wêreld is die terrein wat beheers word deur die mag wat God vyandig gesind is.

- Daarom veg hierdie magte met die kerk en die gelowiges (Handelinge 14:22).

Die Here skryf vir die gemeente in Filadelfia dat die spanning wat oor ons kom, nie "toevallig" oor ons kom nie. Hy beskik oor selfs dit. Daar staan in Openbaring 3:9 dat die Here sê dat Hy vir hulle die mense gee wat sê dat hulle Jode is, maar inderwaarheid is hulle mense wat uit die sinagoge van die Satan is.

Die naam *Jode* het die betekenis gehad dat hierdie mense dié in die gemeente was wat op hulle agtergrond geroem het.

- Hulle was nog uit die tradisie van die besnydenis.
- Hulle het nog die wette van die Here geken.
- Hulle het die binnekant van die kerk al die jare geken – die ander lidmate moes luister as hulle praat, want hulle was die wat geweet het wat in die geloof aangaan.

Maar vir die Here is hulle satansengele.

Hierdie openbaring is geweldig belangrik, want daarmee toon die Here aan dat die kerk in ons tyd net soveel moeilikheid uit die binnekant van die kerk gaan hê as wat dit van buite af met die wêreld sal hê.

- Die Here gee die duiwel dus kans om die kerk van twee kante af aan te val en geweld aan te doen:
    - Aan die buitekant met die wêreldkragte wat God en die gelowiges openlik haat,
    - maar van binne af deur middel van die oënskynlike kerkmense wat die kerk vir hulle eie voordeel wil gebruik en God daar uitboer.

Die diepste saak waaroor dit in die gedeeltes van die Bybel gaan wat hierdie soort van toestand beskryf, is nie dat die eindpunt van die saak is dat ons moeilikheid gaan hê nie.

- Die eindpunt is dat ons nie moedeloos moet word nie, want die Here het al hierdie magte gebreek, sodat ons op die ander punt as oorwinnaars gaan uitstap.
- Die moeilikheid met die wêreld is maar net 'n tussenstap wat ons tot die eer van God moet hanteer. Die woorde van Romeine 8:32 is hier van pas:

  Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?
  (Romeine 8:32 AFR1983)

Ons pad tot op die eindpunt toe is oopgemaak deur die Here Jesus se kruis en sy dood. Dink hier maar net aan die woorde van Filippense 2:6-11.

> **Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.**
> (Filippense 2:6-11 AFR1953) (Vgl. Kolossense 2:15).

2. Die appèl op ons

Kom ons kyk na onsself. Daar is twee waarhede waarvan ons baie deeglik moet kennis neem:

- 'n Gemeente wat in sy vertroue op die Here verdwaal, het niks om aan vas te hou vir sy toekoms nie.

    - Sulke gelowiges is maar net soos die mense wat buite die verlossing van die Here Jesus Christus staan omdat hulle nie weet wat dit is om op die genade van God staat te maak nie.
- Let op na die appèl wat dit op ons plaas: Alleen 'n gemeente (dus: gelowiges) wat in die Here lewe en wat die vermoë het om in hulle geloof en vertroue op God suiwer te bly, kan met sukses die pyn van die lewe hanteer en onder druk moed hou en positief vorentoe lewe.

Wat moet 'n kerk nou doen as hy in die noute beland? Ons moet in die eerste plek nie moed verloor nie!
- Ons moet ons lewensblydskap en ons wil om vorentoe te gaan bly behou.
- Ons moet saam 'n lewende kerk wees wat preek en verkondig.
- Ons moet sorg dat ons nie ter wille van ander mense ons beginsels prysgee nie. Die Bybel sê dat ons die Here nie moet verloën nie.

Ons het 'n groot verantwoordelikheid – veral ons wat in die eindtyd lewe.
- Ons beleef nog nie werklik vervolging nie, maar volgens die profesieë in die Bybel is dit moontlik dat ons in ernstige gevaar kan beland, en moontlik selfs doodgemaak kan word weens ons geloof.
- Ons beleef al die voorlopers daarvan, want daar is al hoe meer terreine in ons lewe waar ons Christelike beginsels ernstig in gedrang kom omdat die beleid regoor die wêreld is dat die Naam van die Here geen voorkeur bo enige ander godsdiens of vorm van (heidense) aanbidding het nie.

Ons moet net onthou dat ons selfs in lewensgevaar die "Woord van my lydsaamheid" soos die Here sy evangelie hier noem, moet bewaar.
- Die druk sal al hoe groter word dat ons ons beginsels en ons geloof moet prysgee.
- Die oomblik wanneer ons ons beginsels prysgee, verloën ons die Naam van God, en dan verval ons in die sonde waarteen die gemeente van Filadelfia staande kon bly.

Hierdie dinge mag ons nie ontmoedig en laat uitsak nie.
- Gelowiges, u mag net nooit moed verloor nie, want die Here maak in Openbaring 3:10 die belofte dat Hy ons self in daardie dae sal bewaar. Wat meer kan ons vra?
- God maak die deure vir ons oop sodat ons kan glo en getuig, en al wat Hy vra is die verantwoordelikheid dat ons dit sal doen. Hy bewaar ons selfs in die stryd om dit te kan doen.

Die Here het onder verskillende omstandighede vir mense gesê dat Hulle moet moedhou. En aan almal van hulle het die Here sy belofte van bystand en verlossing gehou. Waarom sal dit met ons anders wees? Dink maar aan 'n paar voorbeelde:
- Toe Josua aangewys is as opvolger van Moses het die Here deur Moses vir Josua gesê:

  Wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en word nie verskrik vir hulle nie; want dit is die HERE jou God wat saam met jou trek; Hy sal jou nie begewe of verlaat nie. (Deuteronomium 31:6 AFR1953).
- Toe Paulus in die tronk was, het die Here hom moed ingepraat:

  En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig. (Handelinge 23:11 AFR1953).
- Toe die storm die skip verwoes het waarop Paulus hulle was, het Paulus met die mense gepraat en gesê:

  Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan. (Handelinge 27:22).

Later weer:

Daarom, hou moed, manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het (Handelinge 27:25).

In God se besorgdheid oor ons dat dit met ons goed moet gaan, gebruik Hy al die magte van die hemel om ons te beskerm en voort te help.

- Dink aan die werk van die engele!
- Maar bo alles stuur Hy sy Seun Jesus Christus om te kom sterf sodat God se woede oor ons oortredinge in Hom gestraf kan word. So word die bewaring van Johannes 16 en Openbaring 3 waar.
    - Dit is dieselfde Jesus wat in die Johannes-evangelie aan die woord is en wat hierdie brief vir die gemeente van Filadelfia laat skryf het wat vir ons gesterf het.
    - Dit is Hy wat skryf dat Hy ons bewaar en dat Hy die deur oopgesluit het.
    - Niemand het nodig om sy vermoë om dit te doen, te betwyfel nie. Hy het reeds bewys dat Hy die dood oorwin en die lewe beheers.

Die Bybel vertel dat daar nog 'n finale en laaste groot oorlog kom! Al die magte van die hel gaan dan saamspan en die Here aanval. Dit staan in Openbaring 17:14 geskryf. Dan gaan die Here Jesus hierdie magte finaal verdelg. Die presiese beskrywing is:

Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is. (Openbaring 17:14 AFR1983)

- Ons het nodig om te weet dat ons dit gaan maak teen die donker magte wat maar oraloor sy kloue inslaan,
- maar ons moet ook gewaarsku wees dat ons nie ons pad met die Here verkeerd moet loop nie.
    - Daarom waarsku Hy ons dat Hy kan toesluit – vir ewig!
    - Hy bedoel daarmee dat Hy die wat Hom nie dien nie, en nie in Hom glo nie, vir ewig buite sy koninkryk toesluit.

Met ons wat wil glo, en teen die verkeerde wil veg en wil oorwin, doen Hy anders!

- **Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.** (Openbaring 2:7 AFR1983)
- **Dié wat die oorwinning behaal, sal beslis nie deur die tweede dood getref word nie.** (Openbaring 2:11 AFR1983)
- **Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek van die verborge manna gee, en daarby sal Ek vir hom 'n wit keursteen gee met 'n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry.** (Openbaring 2:17 AFR1983).
- **Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee.** (Openbaring 2:26 AFR1983)
- **Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.** (Openbaring 3:5 AFR1983)
- **Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.** (Openbaring 3:21 AFR1983)

Geliefde gemeente, die liefde van God is te kosbaar om dit onbenut te laat verbygaan. Daarom moet ons ’n kerk wees wat werklik met God self saamleef! Ons moet die nuwe jaar met moed ingaan en weet dat in die swaarste aanvegtinge wat oor die aarde kom, ons nog altyd veilig deur die Here bewaar word.

Die Here Jesus beloof aan ons die volgende dinge:

- Om die oorwinnaars pilare te maak in die tempel van God.
- Dat hulle nooit weer uit die tempel van God sal uitgaan nie.
- Hy sal ook die Naam van God op hulle skrywe.
- Hy sal ook die naam van die stad van God, die nuwe Jerusalem, op hulle skrywe!
- Jesus belowe dat Hy sy eie nuwe Naam ook op hulle sal skryf.

Onthou die Here se woorde:

> **Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ’n God wees, en hy sal vir My ’n seun wees.** (Openbaring 21:7 AFR1953).

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 138:4 (p. 671)

4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 31 Desember 2007 (Oujaarsnag)